

**Donderdag 20 Julie**

**Skrifgedeelte: Handeling 22:11-16; 1 Korintiërs 10:14-17**

**Fokusgedeelte: Handeling 22:16; HK Sondag 25, Antwoord 66**

### **Die sakramente as seëls**

Die sakramente is nie net tekens nie, maar ook seëls. As *seëls* is die sleutelwoorde daarvan *net so seker*. Deur die sakramente as seëls wil God ons verseker dat die beloftes van die evangelie werklik die waarheid is en in ons vervul sal word. Hulle waarborg dus die onverbreekbaarheid van sy verbondsbeloftes.

In die ou tyd is 'n proklamasie van 'n koning deur die koning se seël of stempel gewaarmerk. Die sakramente is ook sulke seëls. Dit is die waarmerk en stempel van die ewige Koning op die heerlike beloftes van sy evangelie. Wie dit gebruik, mag nie meer twyfel aan die waarheid en onverbreekbaarheid van die beloftes van die ewige Koning nie.

Deur die *doop* as seël sê God aan ons dat *net so seker* as wat water ons uitwendig skoon was, so seker was die bloed van Christus al ons sondes af. Hoe sterk die betekenis van die doop as seël is, word veral duidelik as Ananias aan Paulus ná sy bekering sê: “Laat jou doop en jou sondes afwas” (Hand. 22:16). Omdat Paulus hom waarlik en van harte tot Christus bekeer het, kan hy ook direk deur die doop die versekering kry dat al sy sondes – al was dit skokkend! – deur die bloed van Christus afgewas is. So word die teken en die saak waarna dit verwys, aan mekaar verbind en dan is dit 'n seël.

Deur die *nagmaal* as seël wil God aan ons sê dat *net so seker* as wat die brood gebreek en die wyn uitgiet word, so seker is Christus se liggaam gebreek en sy bloed vergiet tot volkome versoening van al ons sondes. Net soos by die doop, is ook by die nagmaal as seël die band tussen die wyn (beker) en die bloed van Christus só sterk dat Paulus dit aan mekaar kan verbind en sê (vra): “Die beker van danksegging waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie?” (1 Kor. 10:16).

Hoe goed is die Here nie vir ons soos dit ook in die gawe van die sakramente geopenbaar word nie! Die Here weet hoe swaar dit vir ons arme sondears is om die beloftes van vergewing van sondes en die ewige lewe te aanvaar. Die genade wat Hy in die evangelie aan ons belowe, is só oneindig hoog bo ons verdienste verhewe dat ons dit byna nie sonder verdere bevestiging kan glo nie.

Om nou 'n einde aan ons onsekerheid en twyfel te maak, gee Hy aan ons die sakramente. So wil Hy ons geloof versterk, sodat ons steeds vaster aan Hom gebind kan word en die lewe vir ons altyd meer Christus kan word (Gal. 2:20; Fil. 1:21).